

# DISSIPELSKAP. LES 20

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> HANDELINGE 18:18 – 21:40
---	---

**Maak beurte** en **deel/vertel kortliks** (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes (Handelinge 18:18 -21:40). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute) <i>[DIE NUWE LEWE IN CHRISTUS]</i> 1 JOHANNES 1:7
---	---

## A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Skryf die memoriseringsvers as volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(4)

Gemeenskap 1 Johannes 1:7	
Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. 1 Johannes 1:7	1 Johannes 1:7

### 1. Wat is lig?

“Lewe” is 'n samevatting van al God se eienskappe of kenmerke soos sy liefde, geregtigheid, heiligheid, vriendelikheid, ens. wat regtig bestaan ('n werklikheid is). “Lig” is lewe wat geopenbaar is, wat vir mense sigbaar geword het. Jesus Christus het God en sy kenmerke sigbaar kom maak (Johannes 1:4). “Wie My sien, sien die Vader” (Johannes 14:9; vgl. Kolossense 1:15). Volgelinge van Jesus Christus is geroep om in die lig te leef, d.w.s. om hulle in ooreenstemming met die geopenbaarde kenmerke van God en die geopenbaarde wil van God (in die Bybel) te gedra.

### 2. Waarom word God, Christus en christene “lig” genoem?

(1) God word die lig genoem (1 Johannes 1:5)

God word Lig genoem omdat God (deur sy Woord, Jesus Christus) die Skepper is van alle *fisiese lewe* in die heelal en die Skenker is van die nuwe of *geestelike lewe* wat tot stand gekom het deur die dood en opstanding van Jesus Christus. “Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir (Grieks: van) die mense. Die lig skyn in die duisternis (vgl. Genesis 1:2-3)<sup>1</sup>, die duisternis kon dit nie uitdoof nie” (Johannes 1:3-5). Hy word ‘lig’ genoem omdat Hy beide die fisiese as geestelike lewe 'n werklikheid gemaak het – beide bestaan regtig. Sowel die fisiese as die geestelike lewe is ‘goed’. Daar is niks wat ‘sleg’ is in die lewe wat God skep en skenk. Daar is geen ‘duisternis’ in Hom nie! Daar is egter wel ‘duisternis’ of sonde in mense (1 Johannes 1:8-10).

(2) Jesus Christus word die lig vir (Grieks: van) die wêreld genoem (Johannes 8:12)

Jesus Christus word die lig van die wêreld genoem omdat Hy aan ons geopenbaar het wie God is. Jesus Christus is die sigbare openbaring van die onsigbare werklikheid (bestaan) en kenmerke (eienskappe) van God. Sonder Jesus Christus sou mense alleen weet dat God bestaan, dat Hy almagtig is (Romeine 1:19-20) en dat Hy 'n morele God is wat sy gebooie in elke mensehart geskrywe het (Romeine 2:14-15).

<sup>1</sup> Genesis 1:2 sê: “Die aarde was vormloos d.w.s. sonder enige vorm (bv. berge) en leeg d.w.s. sonder lewende wesens (bv. diere en mense) (Hebreeus: tohu wa-bohu) NAV onbewoonbaar). Genesis 1:3 sê: “Laat daar lig wees. En daar was lig.”

Jesus Christus bring kennis aan onkundige mense, waarheid aan dwalende mense en wysheid aan dwase mense. Hy openbaar heiligheid aan onreine mense, geregtigheid aan slegte mense en liefde aan mense wat haat. Hy gee blydschap aan treurende mense, bemoediging aan bange mense en God se nabyheid aan mense wat eensaam is en in die steek gelaat word.

(3) Christene word die lig vir (Grieks: van) die wêreld genoem (Matteüs 5:14).

Christene is nooit self die lig van die wêreld nie, maar hulle weerspieël wel die heiligheid, geregtigheid en liefde van die God van die Bybel aan die wêreld wat die God van die Bybel nie ken nie. “Niemand ken (God) die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak” (Matteus 11:27; Matteus 5:16; Efesiërs 5:8).

### 3. Wat beteken: “christelike gemeenskap”?

(1) Christelike gemeenskap beteken 'n intieme verhouding, assosiasie en deelgenootskap in 'n vaste verhouding of akkoord.

Christelike gemeenskap beteken 'n intieme verhouding, assosiasie en deelgenootskap in 'n vaste verhouding of akkoord met God die Vader, die Seun en die Heilige Gees (1 Johannes 1:3; 1 Korintiërs 1:9; 2 Korintiërs 13:14) en met ander Christene in die wêreld (1 Johannes 1:7).

Gemeenskap met Christus (die Hoof van die Liggaam) is onverbreeklik verbode aan gemeenskap met die Liggaam van Christus, die wêreldwye Gemeente (Kerk) (1 Korintiërs 12:12-13). In hierdie Gemeente wy Christene hulle toe aan die onderrig uit die Bybel, die gebede, mekaar help, en waar dit nodig is, saam met mekaar eet en alle noodsaaklike dinge met mekaar deel. Omdat die Gemeente die evangelie verkondig, voeg die Here elke dag mense wat gered word aan die Gemeente of gemeenskap toe (Handelinge 2:42-47). Die christelike gemeenskap hou in dat alle Christene deel het aan dieselfde seënige in Christus (Efesiërs 1:3), maar ook dat hulle deel het aan die lyding van Christus en Christene (1 Korintiërs 12:26; Filippense 3:10; Kolossense 1:14). Die christelike gemeenskap vorm 'n sterk band en gevoel van bymekaarhoor en ondersteuning van mekaar (2 Korintiërs 8:4).

(2) Christelike gemeenskap en deelgenootskap begin wanneer jy die evangelie hoor en glo.

Die Christelike gemeenskap begin wanneer mens die verkondiging van die evangelie hoor en aanneem. “Hom wat ons (die apostels van Christus) gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus” (1 Johannes 1:3). Christene moenie 'n verbintenis sluit met ongelowiges nie. “Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap (Grieks: metoché, gemeenskaplikheid) wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap (Grieks: koinonia) wees tussen Christus en Belial?” (2 Korintiërs 6:14).

Christene is veronderstel om altyd in die lig te wandel, want daarsonder is daar geen gemeenskap (met God, Christus en ander Christene) moontlik nie (1 Johannes 1:7)! Lidmaatskap aan 'n geheime organisasie rym nie met lidmaatskap van die Gemeente nie, omdat geheime organisasies mense dwing om in duister dade betrokke te raak (Johannes 3:19-21).

### 4. Wat beteken: “die bloed van Jesus Christus”?

“Die bloed van Jesus Christus” is geen magiese middel met spesiale krag nie. Die christelike geloof verwerp magie of towery (Deuteronomium 18:9-13; Openbaring 21:8). Hierdie uitdrukking verwys slegs na die plaasvervangende sterwe van Jesus Christus aan die kruis en al die seënige wat dit meebring. Christene wat in die lig lewe, bely hulle sonde en ontvang onmiddellik vergifnis, omdat Jesus Christus al tweeduisend jaar gelede versoening gedoen het vir al hulle sondes.

## B. MEMORISERING EN HERSIENING

1. Skryf die Bybelvers op 'n skoon kaartjie of op 'n bladsy van jou klein notaboekie.
2. Memoriseer die Bybelvers op die regte manier. (4) Gemeenskap. 1 Johannes 1:7.
3. Repeteer. Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste Bybelverse vir memorisering na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute)	[VERHOUDINGS] DIE VERHOUDING MET JOU EGGENOOT. EFEZIËRS 5:22-33
---	-------------------------	--

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Efesiërs 5:22-33.

<u>STAP 1. LEES.</u>	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> KOM ONS LEES Efesiërs 5:22-33 saam.	
Lees elkeen een versie totdat die hele gedeelte klaar gelees is.	

<u>STAP 2. ONTDEK.</u>	WAARNEMINGS
<i>Oorweeg.</i> WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK? OF WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART?	
<i>Teken aan.</i> Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek.	

**Deel.** (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel.  
(Die volgende is voorbeelde van ontdekkings wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)

5:22,25

**Ontdekking 1. Die Christelike huwelik is 'n voortdurende getuigenis van die werklikheid van Jesus Christus.**

“Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en .....” en “Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. ....” Die huwelik moet baie belangrik wees in die oë van God, want Hy vergelyk die verhouding tussen 'n man en sy vrou in die Christelike huwelik met die verhouding tussen Christus en sy Gemeente (die Kerk). Christus en sy Gemeente is die voorbeeld vir elke Christelike huwelik. Elke Christelike huwelik is 'n sigbare openbaring van Christus se verhouding tot die Gemeente. Die Christelike huwelik is 'n voortdurende sigbare getuigenis van die werklikheid van Jesus Christus aan die wêreld! Christelike huwelike behoort dus Jesus Christus te eer!

5:31

**Ontdekking 2. Die Christelike huwelik verander jou verhouding met jou ouers.**

“Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees..” Die huwelik is 'n belangrike sosiale gebeurtenis in elke kultuur, omdat twee jongmense hulle ouers verlaat en saam 'n nuwe gesin begin! Die huweliksluiting sluit die besondere verhouding van 'n kind met sy ouers af en begin 'n nuwe lewensfase van 'n spesiale verhouding met sy of haar huweliksmaat.

**STAP 3. VRA.**

**UITLEG**

**Oorweeg.** WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA?  
Kom ons probeer al die waarhede in Efesiërs 5:22-33 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.

**Teken aan.** Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)

**Bespreek.** (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.)  
(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

**Vraag 1. Wat is die besondere kenmerke van 'n Christelike huwelik?**

**Aantekeninge.**

(1) Die huwelik is God se idee en instelling (Genesis 2:24; Efesiërs 5:31).

Na sy skepping word die man bewus van sy behoefte aan 'n metgesel in die lewe. Dus neem God die inisiatief en skep 'n vrou wat by die man pas (Genesis 2:18-24). God het die Christelike huwelik gemaak tot 'n Christelike instelling. Die Christelike huwelik is vóór die sondeval deur God ingestel. Dit het die volgende kenmerke: By die huweliksluiting moet die man sy ouers verlaat, en net so die vrou haar ouers. Die man moet hom aan sy vrou vasmaak (spreekwoordelik as't ware aan mekaar vasgelym sodat hulle nie meer los van mekaar kan kom nie). Die man en vrou sou voortaan één liggaam wees. Die seksuele verhouding is 'n voorreg wat alleen binne die huwelik tuishoort!

God het die Christelike huwelik as sy instelling ook ná die sondeval gehandhaaf. Beide die Here Jesus Christus in Matteus 19:1-6 en die apostel Paulus in Efesiërs 5:31 handhaaf die huwelik as Goddelike instelling en leer dat alle mense God se instelling moet eer en gehoorsaam. Die huwelik is daarom nie een of ander menslike instelling wat moderne mense kan verontagsaam of verander tot 'saamwoon' nie.

Ook gedurende die Ou-Testamentiese tyd dien die huwelik as 'n sigbare illustrasie (voorstelling) van die verhouding tussen God en sy volk, Israel (Jeremia 3). Tydens die Nuwe-Testamentiese tyd dien die huwelik as 'n sigbare illustrasie van die verhouding tussen Jesus Christus en sy volk, die Gemeente (Efesiërs 5). Hoewel die kulture van die volke steeds verder van God en van sy huweliksinstelling wegdryf, roep God nog steeds alle volke en kulture om terug te keer na God se oorspronklike instelling van die huwelik!

(2) Die huwelik kan tot stand kom deur 'n vrou wat deur haar familie uitgegee word of deur 'n persoonlike keuse (Genesis 24:3-4,67; Genesis 29:17-20).

In 'n Westerse kultuur neig mense om uit vrye keuse en liefde te trou, terwyl in die Oosterse of Midde Oosterse kulture families neig om huwelike te reël. Terwyl 'n man in die Weste 'n vrou trou wat hy liefhet, leer 'n man in die Ooste om die vrou waarmee hy getroud is, lief te kry. In die Weste begin die egpaar met 'n opwelling van emosies wat hopelik deur 'n toewyding van die wil gevolg word. In die Ooste begin die egpaar met 'n toewyding van die wil wat hopelik gevolg word deur 'n opbloeit van die emosies. Beide vorme van die huwelik kan slaag as God maar net die middelpunt

<sup>2</sup> Hoewel die instelling van die huwelik deur die God van die Bybel plaasgevind het (Genesis 2:24), het dit as 'n instelling van God deur die ewe heen gedegeneer, sodat ons vandag moet praat van die *Christelike* huwelik.

van die huwelik bly. Maar omdat die Oosterse en Midde Oosterse model deur die groter gemeenskap tot stand gekom het, dra die bemoeienis (betrokkenheid) van hierdie groter gemeenskap by tot die duursaamheid van die huwelik.

(3) Die huwelik is monogaam (Efesiërs 5:31).

Die Ou-Testamentiese geskiedenis beskryf dat verskillende belangrike mans meer as een vrou gehad het. Maar poligamie tydens die Ou Testament het probleme veroorsaak soos jaloesie, diskriminasie, en growwe afgodery (vgl. koning Salomo, 1 Konings 11:1-11).

Die duidelike bevel en leerstellige gedeeltes van die Ou en die Nuwe Testament leer dat poligamie teen God se bedoeling, bevel en instelling was. God het nooit sy oorspronklike plan van Genesis 2:24 verander nie - naamlik dat “'n man .. saam met sy vrou (enkelvoud!) lewe”. God keur poligamie nêrens goed nie.

Jesus het hierdie instelling van God bevestig in Matteus 19:5-6, “Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees. Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie.” Jesus Christus wil nie hê dat 'n man hom aan meer vrouens vasmaak nie! Alle ander mense word uitgesluit uit die eenheid van die huweliksverhouding. En 'n seksuele verhouding buite die huwelik is streng verbode (Hebreërs 13:4)!

Ook Paulus het die instelling van God in Efesiërs 5:31 herhaal en beveel dat 'n man sy vrou (enkelvoud) moet liefhê (Efesiërs 5:33). Die werkwoord “liefhê” is 'n bevel in die onvoltooide teenwoordige tyd. Dus alle uitsonderings is uitgesluit! Die Bybel verbied poligamie. Dit verbied by-vrouens. Dit verbied egbreuk. En dit verbied flirtasie met iemand wat nie jou huweliksmaat/eggenoot is nie!

(4) Die huwelik is vir die hele lewe (Matteus 19:5-6).

Gedurende die Ou-Testamentiese tyd het Moses toegelaat dat 'n man 'n skeibrief mag skryf (Deuteronomium 24:1) “oor die hardheid van julle harte” (Matteus 19:1-9). Moses het nie, soos die Jode gedink het, egskedding goedgekeur nie. Hy het gewoon die slegte praktyk wat in al die omliggende volke voorgekom het, in Israel gereël. Jesus het duidelik geleer dat God in die begin die huwelik anders bedoel en ingestel het. “Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie” “Die Here die God van Israel sê Hy haat egskedding” (Maleagi 2:16).

Die Bybel laat egskedding alleen in twee gevalle toe:

- as gevolg van ontrou in die huwelik deur bv. seksuele immoraliteit en/of gewelddadigheid (Matteus 19:8-9).
- as gevolg van onverenigbaarheid, wanneer die nie-Christen party in die huwelik nie verder met die party wat Christen geword het, meer wil saamleef nie (1 Korintiërs 7:12-16).

Maar omdat die verhouding tussen God en sy volk 'n lewenslange verbinding is, is die verhouding tussen 'n man en sy vrou ook lewenslank.

(5) Die huwelik is tydelik en geld alleenlik vir die lewe op hierdie aarde (Matteus 22:30).

Jesus het gesê dat by die opstanding uit die dood die mense nie trou of in die huwelik uitgegee word nie. Dan sal mense soos die engele in die hemel wees. Daarom is die huwelik alleenlik 'n instelling van God op die teenwoordige aarde en nie in die hemel of op de nuwe aarde nie. Die ewige waarde van die huwelik moet hierin gesoek word, om:

- Christus te verkondig en Christus te reflekteer/weerkaats
- Christene op te bou in karakter en vaardighede
- die aarde te vul met mense wat die beeld van God verder dra.

(6) Die huwelik is God se normale bedoeling, maar nie vir almal nie (Matteus 19:10-12).

In die Bybel word die huwelik gesien as God se normale bedoeling, ook vir Christene en Christenleiers (priesters, dominees en voorgangers) (1 Korintiërs 9:5; 1 Timoteus 3:2). Maar sowel Christus (Matteus 19:10-12) en die apostel Paulus (1 Korintiërs 7:32-35) het besondere woorde vir hulle wat ongetroud bly. God roep sommige mense om ongetroud te bly, hetsy vir 'n periode van hulle lewe of vir hulle hele lewe ten einde 'n spesiale bediening met onverdeelde toewyding vir God uit te voer! God gee 'n besondere belofte vir die gelowige wat ongetroud bly of geen natuurlike kinders het nie: “Jubel, onvrugbare vrou, jy wat geen kinders in die wêreld gebring het nie, jubel en juig, jy wat geen geboortepyne geken het nie, want jy, verstote vrou, gaan nou meer kinders hê as een wat getroud is, sê die Here. Maak groter die plek vir jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in, want jy sal na alle kante toe uitbrei; jou nageslag sal nasies verdryf en in die stede wat nou verwoes is, gaan woon. Moenie bang wees nie, jy sal nie weer in die skande kom nie, moenie so verleë daar staan nie, jy sal nie weer verneder word nie. Jy sal die skande uit jou jong dae vergeet en nie meer dink hoe jy verneder is toe jy 'n weduwee was nie. Hy wat jou gemaak het, is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige. Die Heilige van Israel is jou Verlosser; Hy word die God van die hele wêreld genoem.” (Jesaja 54:1-5)!

Daar bestaan 'n genadegawe van die Heilige Gees om ongetroud te bly (1 Korintiërs 7:7,32-35; Matteus 19:10-12), maar hierdie genadegawe mag nie geïnstusionaliseer word in die sogenaamde “selibaat” en afdedwing word op ander in die Gemeente of Kerk) nie.

(7) Die huwelik is 'n verhouding wat in die openbaar gesluit behoort te word (Matteus 22:9-11).

God het drie onontbeerlike elemente vir die huwelik ingestel (Genesis 2:24):

- Die man en die vrou moet beide hul ouers verlaat. Hulle mag nie langer emosioneel aan hulle ouers verbind bly nie, maar alleen aan mekaar. Hulle mag nie langer finansieel afhanklik van hul ouers bly nie, maar moet werk en vir hul

eie inkomste sorg dra. Hulle mag nie langer onder die gesag van hul ouers bly staan nie, maar moet hul onderwerp aan al die gesagsverhoudings wat God in die Bybel ingestel het. Hulle moet ook nie langer by hul ouers bly woon nie, maar hul eie woonplek hê en eie gesin opbou.

- Die man en die vrou moet aan mekaar vasgelym bly, d.w.s. trou aan mekaar bly so lank as wat hulle lewe.
- Hulle moet één liggaam wees, d.w.s. hul liggaamlike eenheid behoort die toppunt van hul geestelike, emosionele en sosiale eenheid te wees.

'n Man en 'n vrou berei hulle voor om hul ouers te verlaat deur hul aanstaande huweliksbevestiging aan te kondig en hul troudag voor te berei. Hul huwelik begin eers nadat God hulle in die huwelik verbind het. Op hul troudag verlaat hulle hul ouers definitief. Tydens die huweliksbevestiging is nie alleen God nie, maar ook hul families en vriende van beide kante en die aanwesige gemeentelede getuies dat hulle mekaar beloof om trou aan mekaar te bly vir hulle hele lewe en om mekaar lief te hê en te help onder alle omstandighede van die lewe.

In die Bybel is die huwelik nooit 'n individuele, private of geheime gebeurtenis nie! Die huwelik is altyd 'n gebeurtenis waarin die families van die bruidegom en van die bruid 'n belangrike rol speel. In die Ou Testament het die huwelik die volgende ingesluit: die keuse van 'n vrou vir 'n man (Genesis 21:21), soms die gee van 'n kompensasie aan die familie van die bruid (Genesis 29:18, Genesis 34:12) en die gee van 'n bruidskat (Genesis 24:59,61; 1 Konings 9:16). Nietemin is soortgelyke presente nie 'n vereiste in die Bybel nie!

Die huweliksbevestiging was 'n openbare aangeleentheid. Die huwelikeremonie het die volgende elemente ingesluit:

- De bruid en bruidegom het spesiale bruilofsklere gedra (Psalm 45:13-14)
- Hulle word deur bruidsmeisies en vriende van die bruidegom vergesel (Psalm 45:14, Johannes 3:29)
- Hulle het in 'n bruidstoet geloop om die bruid van haar huis na die huis van die bruidegom te begelei (Matteus 5:1-13)
- Die plegtigste onderdeel van die huwelikeremonie was die sluit van 'n huweliksverbond met mekaar waarby God Self die Groot Getuie is (Maleagi 2:14; Spreuke 2:17; Esegïel 16:8)!
- Daar was ook 'n bruilof wat soms 'n week lank geduur het (Matteus 22:1-14; Johannes 2:1-10; Rigters 14:17).
- Slegs ná die huweliksbevestiging kon die fisiese huweliksgemeenskap begin (Genesis 29:21-23; Deuteronomium 22:13-21).

(8) Die Christelike huwelik word bepaal deur die verhouding tussen Christus en die Gemeente (Efesiërs 5:22-33).

Die Bybel beveel die man om sy vrou te dien deur leiding aan sy vrou en kinders te gee (netsoos Christus leiding aan die Gemeente gee) en sy vrou lief te hê (netsoos Christus die Gemeente liefhet). Die Bybel beveel die vrou om haar man te dien deur sy gesag te erken (netsoos die Gemeente die gesag van Christus erken). Die Christelike huwelik is 'n sigbare demonstrasie en 'n hoorbare verkondiging van die verhouding tussen Christus en sy gemeente (Efesiërs 5:22-33).

Die Christelike huwelik is 'n daaglikse verkondiging van Jesus Christus aan die wêreld. Deur goed te kyk na getroude Christene, leer die wêreld meer oor Jesus Christus en Christene. Mense hoor nie alleen oor die liefde van God nie, maar sien hoe hierdie liefde in die Christelike huwelik sigbaar geïllustreer word. Hulle hoor nie alleen oor die vreugde van 'n groeiende persoonlike verhouding met die Lewende God nie, maar sien daardie vreugde in 'n Christelike huwelik, ens. Die Christelike huwelik is 'n kragtige getuie van die werklike bestaan en aantrekkingskrag van 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus! Elke Christelike huwelik het dus 'n sendingsopdrag om 'n oop huis te hê waarin mense uitgenooi word met die woorde: "Kom kyk! Kom saam, dan sal julle sien" (Johannes 1:39)" hoe 'n mens 'n verhouding met Christus kan hê en hoe 'n Christelike gesin funksioneer.

---

5:22-25

### Vraag 2. Wat is die Godgegewe verantwoordelikhede van 'n Christen man en 'n Christen vrou?

**Aantekeninge.** God het elke man en elke vrou geskape. Hy het die huweliksverhouding ingestel toe Hy die vrou geskape het (Genesis 2:18-24). Daarom het God ook die reg om die verantwoordelikhede van die man en die vrou in die huwelik te bepaal. Hy weet die beste hoe 'n getroude egpaar die beste funksioneer. Alleen wanneer 'n man en 'n vrou hierdie Godgegewe verantwoordelikhede gehoorsaam, kan hulle 'n wonderlike huwelik hê.

God gee aan beide die man en die vrou verantwoordelikheid en bypassend gesag, naamlik, om mekaar te dien (en nie om oor mekaar te heers nie)! Maar God het die man en die vrou verskillend geskape en hulle beveel om hulle Godgegewe verantwoordelikheid en gesag op verskillende maniere uit te druk en uit te oefen. Hy het bepaal dat die man sy diensbaarheid moet uitdruk veral deur die inisiatief te neem in die huweliksverhouding. En Hy het bepaal dat die vrou haar diensbaarheid uitdruk deur veral haar man uit te nooi tot 'n warm en sterk verhouding.

(1) Die Godgegewe verantwoordelikheid van die man teenoor sy vrou is om haar lief te hê en haar leiding te gee.

- Die man moet sy vrou dien deur haar lief te hê.

Hy moet haar liefhê netsoos Christus sy Gemeente liefhet: met 'n onselfsugtige belangstelling in haar belange, haar opreg te aanvaar en haar te help om die beste vrou te word wat sy kan word. Liefde is heeltemal onbaatsugtig en maak

homself nooit die middelpunt nie. Liefde beteken selfopofferende diensbaarheid. Die liefde gaan met sorg en respek vir haar gepaard. Die liefde bly haar trou in alle omstandighede: wanneer dit goed of sleg gaan en in siekte en gesondheid.

Die liefde word in 1 Korintiërs 13:4-8 opgesom:

Die liefde is nie ongeduldig nie. Dit kan wag om liefde te wys en dwing homself nooit af op die ander nie.

Die liefde is vriendelik. Dit soek maniere om die ander een te help en goed te doen.

Die liefde is nie jaloers nie. Dis gul om waardering en eer aan die ander een te gee.

Die liefde is nie grootpraterig nie. Dis beskeie oor wat hy goed doen en sy prestasies.

Die liefde die niet verwaand nie. Dis nie opgeblase oor sy eie belangrikheid, vermoëns, besittings of prestasies nie.

Die liefde is nie onbeskaafd (grof) nie. Dis hoflik in verhoudings en kommunikasie.

Die liefde soek nie sy eie belang nie. Dis onselfsugtig, veral by die uitoefening van sy regte.

Die liefde laat homself nie kwaad maak nie. Hy onderwerp hom met sagmoedigheid aan die wonde wat ander mense en omstandighede veroorsaak.

Die liefde hou nie boek van die kwaad nie. Dis vergewingsgesind en herstel gebroke verhoudings.

(Die liefde verbly hom nie oor die onreg nie. Dis opreg verheugd oor die vooruitgang wat die ander een maak.

- Die man moet sy vrou dien deur leiding aan haar te gee.

Hy moet leiding aan haar gee netsoos Christus leiding aan die Gemeente gee. Hy moet haar lei soos 'n herder sy skape lei: haar voed, versorg, beskerm en deur moeilike tye help. Hy moet haar lei soos 'n bestuurder 'n groot huis bestuur: hy sorg vir haar besittings, aktiwiteite en belange. Hy moet haar lei soos 'n leraar 'n leerling help om die waarhede van die Bybel te verstaan en uit te leef. Hy moet haar lei soos 'n dienaar, veral op terreine waar sy hom die meeste nodig het.

(2) Die Godgegewe verantwoordelikheid van die vrou teenoor haar man is om hom lief te hê en hom te help.

- Die vrou moet haar man dien deur hom lief te hê.

Die Bybel leer dat 'n Christen vrou haar moet toewy om liefdevol teenoor haar man en kinders te wees, verstandig en kuis, 'n goeie huisvrou en onderdanig aan haar man. Dan sal die woord van God nie in diskrediet kom nie (Titus 2:4-5). Sy bly hom trou in alle omstandighede: wanneer dit goed of sleg gaan, en in siekte en gesondheid.

- Die vrou moet haar man dien deur hom te help.

Die Bybel leer dat 'n vrou die gesag van haar man moet respekteer (NAV Die vrouens moet in alles aan hulle mans onderdanig wees) (Efesiërs 5:22-24; 1 Petrus 3:1-6) en eerbied aan haar man betoon (Efesiërs 5:33). Sy dien haar man deur sy verantwoordelikheid as leier (hoof van die gesin) te respekteer en te volg. Die woord 'onderwerp' beteken nie om haarself soos 'n slaaf te onderwerp nie, maar om hom te help (letterlik) "soos iemand teenoor hom" (NAV. "sy gelyke"), d.w.s. as *sy gelykwaardige helfte wat hom en sy verantwoordelikhede heeltemal komplementeer* (Genesis 2:18). Sy volg hom vrywillig as die beste spanmaat van sy span. Daarom gee sy aan hom elke moontlike bydrae, voorstelle, idees, ondersteunings, ens. wat sy kan gee. Sy bespreek met hom alle sake m.b.t. hul huwelik, gesin, hul uitgebreide familie, hul omgewing, ens. Sy maak goeie besluite en keuses saam met hom en bespreek vrymoediglik al die gevolge van hul besluite en keuses. Alleen as hulle nie tot 'n ooreenkoms kan kom nie, laat sy toe dat hy die finale besluit neem, maar dan lê die finale verantwoordelikheid ook alleen by hom. Haar onderwerping moet beperk bly tot die sake wat God van haar vra. As haar man iets wat verkeerd is van haar vereis, dan moet sy hom met sagmoedigheid en op 'n respekvolle manier weerstaan (Handelinge 5:29).

Ontsag vir haar man hê beteken: dat sy haar standpunt so duidelik moontlik gee en dan toelaat dat God dit op sy eie tyd en wyse uitwerk. Dit beteken: dat sy die advies van haar man ernstig oorweeg. Dit beteken: dat sy haar man betrek by haar planne en hoe daardie planne uitwerk. Dit beteken: dat sy ook inisiatief neem om haar man te help en nie hoef te wag tot hy haar vra nie. Dit beteken: dat sy geduldig na hom luister en probeer om sy standpunt en sy moeilikhede te verstaan. Haar liefde bly trou onder alle omstandighede: in goeie en slegte tye en in siekte en gesondheid.

Wanneer 'n man sy vrou dien deur haar lief te hê en te lei soos Christus sy Gemeente dien en lei, dan sal dit nie moeilik vir 'n vrou wees om hom te dien deur hom lief te hê, sy gesag (as hoof van die gesin) te respekteer, hom te help en eerbied aan hom te betoon nie. Die beste plek waar die kinders leer wat liefde, eerbied, leierskap en onderwerping aan gesag beteken, is om die verhouding van hulle ouers elke dag waar te neem.

---

5:26-27

Vraag 3. Wat beteken: "die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met water en die woord gereinig het"?

**Aantekeninge.** Christus het die Gemeente (Kerk) eens en vir altyd 'geheilg', dws. afgesonder van die sonde en sondige wêreld, gereinig en toegewy aan God en sy geregtigheid deur die waterbad saam met die gesproke woord. Dit is 'n verwysing na die Christelike doop met water, wat 'n sigbare teken en seël is van die onsigbare doop met die Heilige Gees (d.w.s. die wedergeboorte) in samehang met die verkondigde woord van God (dws. die evangelie) (vgl. Handelinge 10:47; Efesiërs 6:17; 1 Petrus 1:22-23).

Christus hou aan om Christene lewenslang te heilig en te reinig deur sy woorde in hulle harte en lewens toe te pas dmv. die Heilige Gees. Sy doel is dat alle Christene in die Gemeente eendag heeltemal heilig, suiwer en stralend in sy teenwoordigheid sal staan. So is Hy nou al besig om die Gemeente as sy Bruid voor te berei op die komende 'bruilof van die Lam' by sy wederkoms. Maar ook die Gemeente (die Bruid) is nou al besig om haar voor te berei vir die komende bruilof van die Lam (Openbaring 19:7-8). Op die dag sal Christus en sy Gemeente (Kerk) vir ewig verenig wees in die gemeenskap van liefde en volmaaktheid op die nuwe aarde.

5:32

#### Vraag 4. Wat is die diep geheimenis?

**Aantekeninge.** 'Die geheimenis' is 'n verwysing na die verhouding tussen 'n man en 'n vrou. Die christelike huwelik is nie 'n sakrament in die sin van 'n geweide handeling wat slegs deur die ampte van die Kerk uitgevoer mag word en waardeur een of ander spesiale genade gegee word nie! Die christelike huwelik is wel 'n instelling van God of Christus waaraan God se seën verbonde is.

Die geheimenis verwys hier na die vergelyking tussen die christelike huwelik aan die een kant en die eenheid tussen Christus en sy Gemeente aan die ander kant. Die verlossingswerk van Jesus Christus wat op mense toegepas word wat dit glad nie verdien nie en tog sy Bruid (Gemeente) word waarbinne die Heilige Gees woon, is so uniek en intiem dat geen ander vergelyking op aarde dit kan beskryf nie. Omdat die verhouding tussen Christus en sy Gemeente so diep en sterk is, kan die christelike huwelik funksioneer soos wat dit moet en baie vreugde aan die egpaar besorg. Die christelike huwelik bring ook baie seën na ander mense en verheerlik God.

#### STAP 4. DOEN.

#### TOEPASSINGS

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

**Deel en teken aan.** Kom ons hou 'n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van Efesiërs 5:22-33 neer.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

**Teken aan.** Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is a lys van moontlike toepassings.)

#### 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Efesiërs 5:22-33.

- 5:22. Vir mans en vrouens. Vrouens behoort die gesag van hulle mans te respekteer. Maar daar is ook situasies waarin mans die gesag van hulle vrouens behoort te respekteer (Efesiërs 5:21). Maak 'n studie oor hoe die Gemeente hom aan die gesag van Jesus Christus onderwerp. Pas dit dan toe op jou huwelik as jy getroud is.
- 5:23. Vir mans. Maak 'n studie oor hoe Jesus Christus sy Gemeente dien deur leiding aan die Gemeente te gee as 'Hoof van die Gemeente'. Pas dit dan toe op jou verhouding met jou vrou
- 5:25. Vir mans. Maak 'n studie oor hoe Jesus Christus die Gemeente liefhet en sy lewe daarvoor afgelê het. Pas dit dan toe op jou verhouding met jou vrou.
- 5:26-27. Vir mans. Maak 'n studie oor hoe Jesus Christus sy gemeente heilig, reinig en stralend maak deur sy Woord sodat die Gemeente steeds meer gelykvormig word aan Jesus Christus. Pas dit dan toe op jou verhouding met jou vrou.
- 5:29. Vir mans. Maak 'n studie oor hoe Jesus Christus sy Gemeente voed en versorg. pas dit dan toe op jou verhouding met jou vrou
- 5:31. Vir beide mans en vrouens. Ondersoek jouself en evalueer in welke mate jy jou ouers regtig verlaat het. Help mekaar om julle ouers te verlaat en aan mekaar te bly kleef.
- 5:33. Vir vrouens. Maak 'n studie oor hoe die Gemeente eerbied en ontsag aan Jesus Christus betoon. Pas dit dan toe op jou verhouding met jou man.

#### 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Efesiërs 5:22-33.

Vir mans. Ek maak 'n nuwe toewyding om 'n leier netsoos Jesus Christus te wees. Ek wil my vrou dien, veral op die gebiede waar sy my die meeste nodig het. Ek wil vir haar gesondheid en welsyn sorg. Ek wil haar beskerm en haar deur al haar moeilikhede help. Ek wil haar op 'n onselfsugtige manier bly dien.

Vir vrouens. Ek het 'onderwerping aan die gesag wat God ingestel het' nou beter verstaan. Ek wil my man liefhê en help asof ek die beste spanmaat in sy span is, sonder om sy leierskap in die gesin te bedreig. Natuurlik moet manne onthou dat hulle vrouens hulself makliker onderwerp as hulle mans hul vrouens onselfsugtig liefhet!

#### STAP 5. BID.

#### REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in Efesiërs 5:22-33.

(Reageer in jou gebed op wat jy persoonlik in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDER MENSE
---	------------------	---

**Gaan voort om te bid** in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE LES
---	--------------------------	---

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van Efesiërs 5:22-33 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Romeine 1-4. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. **Memorisering.** Oordink die nuwe Bybelvers en leer dit uit jou kop. (4) Gemeenskap. 1 Johannes 1:7. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. **Hou jou notas op datum.** Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie voorbereiding in.